



die veelkleurige kleed van gebed

deur Jimi le Roux

VK#1 – Wat is Gebed?

Sukkel jy met gebed? Is dit vir jou moeilik? Daar is nie net een manier van bid nie! Leer ken gebed as 'n veelkleurige kleed – as die vele maniere waarop ons met God mag kommunikeer! Wees jousef en leer ken die voorreg, vreugde en vryheid van gebed!

Skryf in op Padlangs Oordenkings of kyk na ons kursusse, programme en ander inhoud by: www.jimileroux.com

© 2015 Jimi le Roux
Kopiereg voorbehoud –
geen duplisering of
verspreiding sonder
toestemming nie.

Kom ons vergeet net eers van gebed as die woorde wat ons sê as ons ons oë sluit om met God te praat.

Gebed is veel meer as woorde.

Gebed gebeur reeds in die hart se behoefte na Hom¹, in die verlange na 'n Vader, in die soeke na die waterswaar-rus-is², in die drang om terug te keer na die Bron. Ken jy dit? Dan is daar reeds gebed in jou hart.

Gebed is om na God te draai.

Gebed gebeur die oomblik as die geraas, gemaal en gejaag te veel word en jou hart verlang om net alleen by Hom te wees. Dit gebeur as jy in geselskap is, of in 'n vergadering en jy wens alles kon net soveel meer God se wil reflekteer. Dit gebeur as jy sien hoe die wêreld van Hom wegdwaal en jy na die vestiging van die koninkryk van God verlang³. Dit gebeur as jy nuus ontvang wat maak dat jy die deur agter jou toestoot en net vir die Here sê: *Help my...*

Gebed gebeur oral waar 'n hart na God toe keer, waar gedagtes op Hom fokus, waar 'n begeerte na Hom is⁴.

Woorde is net die uitdrukking van dáárdie begeerte.

Om jou oë te sluit, te kniel, 'n kers aan te steek, 'n *talit* oor jou kop te trek, om aanbiddingsmusiek te speel om Hom te beleef, om in die diens jou hande op te hef – of net jou hart alleen – is alles net maniere om uitdrukking te gee aan dáárdie begeerte.

Om in 'n vergadering op te staan en te sê: *Nee, so 'n besluit sal verkeerd wees*, om die koninkryk te laat kom deur 'n glimlag, 'n bemoedigende woord, 'n drukkie op die skouer, 'n dankie – of deur 'n petisie te teken of in die strate te gaan betoog is alles net maniere om uitdrukking te gee aan dáárdie begeerte.

Gebed is veral 'n hele lewe wat op God gerig is, 'n lewe wat na Hom hunker, 'n lewe wat honger en dors na sy geregtigheid⁵. Beleef jy iets daarvan? Dan bid jou gees reeds tot God.

Uiteindelik is gebed die werk van God, nie van 'n mens nie – sy Gees is die Een wat hierdie dinge in ons werk, wat ons hart na Hom toe draai, wat ons transformeer tot 'n nuwe mens-wat-God-se-wil-soek⁶, wat in ons kom bid en roep: *Abba, Vader!*⁷ Hy roep in ons tot God



met “onuitspreeklike sugtinge” en tree vir ons in ooreenkomstig die wil van God⁸. **Gebed is God wat met God kommunikeer deur my** – en ék is die instrument wat daardeur geseën en totaal en al verander word.

Wat 'n voorreg!

VK#1 Bladsy 1

Wat is gebed ook?

■ Gebed is **toetrede** – gebed is wanneer ek God werklik opsoek: wanneer ek die kantoordeur toetrek, of die deur van my “binnekamer”⁹ (of die deur van die binnekamer van my hart), wanneer ek vroeër uit die warm bed glip, wanneer ek etenstyd uitstap om alleen te wees – sodat ek met Hom kan verkeer. Dit is dáárwees. Dan is ek in gebed.

■ Gebed is **teenwoordigheid** – gebed is om God te beleef: op my knieë, in die kerk, voor die Woord, in ’n spesifieke situasie, in ’n leë straat, in iemand se gesig. Gebed is die sakramentele oomblik van Ontmoeting, die wete dat God en mens nou saamgekom het, van die teenwoordigheid van die Heilige. Gebed is om aan sy voete te sit.

■ Gebed is **formulering** – gebed is woorde: woorde van belydenis, hartseer en berou, van woede en frustrasie, van pleidooi en smeking; dit is woorde van geloof en vertroue, van lof en dank en aanbidding. Gebed formuleer my gevoelens, my gedagtes en my wil. Gebed vertel dit vir die Groot Berader, die Luisteraar, die Een-Wat-Verstaan.

■ Gebed is **stilte** – in die gesprek is die praat en die luister ewe belangrik. Deel van gebed is dus die stil wees en die luister, die neig-my-oor-om-te-hoor, die verstaan maar ook die tevrede nie-verstaan, stil-aanvaarding, vaste vertroue, rus-in-Hom. Gebed is ook net die stil daarwees, die woordelose verwondering. Dán is ek eweneens in gebed.

■ Gebed is **belydenis** – as ek bid bely ek dat ek glo dat daar ’n God is, anders sou dit absurd wees. Gebed is radikale praat-in-die-niet-in in die geloof dat daar Iets is, Iemand-wat-hoor¹⁰. Deur te bid bely ek dat gebed belangrik is, dat dit ’n verskil sal maak. En wat ek alles bid bely wat ek alles glo – oor God, oor myself, oor die lewe.

■ Gebed is **verhouding** – ’n verhouding bestaan net uit die kommunikasie tussen twee persone: geen kommunikasie, geen verhouding! Hoe anders kan ’n verhouding in stand gehou word as deur kommunikasie? Gebed is dit wat tussen jou en God plaasvind – gebed bepaal, beskryf en bou jou verhouding met God.

■ Gebed is **geheimenis** – ten slotte is gebed ’n misterie. Hoekom bid ek? Is dit omdat omdat ek moet, omdat ek wil, omdat ek nie anders kan nie? “Werk” gebed? Oënskynlik, want feitlik alle mense bid. Hóé werk gebed? Ons weet nie! Ons vertrou eenvoudig dat die Vader ons harte hoor en daarop reageer – en ons beleef dat Hy doen!

Gebed is nie ’n saak van die verstand nie, maar ’n saak van die hart. Die doel is nie om gebed beter te verstaan nie, maar om gebed beter te doen. Hoe leer ons meer oor gebed? Nie in ’n boek of kursus nie – ons leer meer oor gebed deur meer te bid. Die doel van hierdie kursus is om ons dáártoe te inspireer: om te bid – en om ons in die vryheid van gebed, nie gebondenheid nie, in te lei.

Bybelstudie

1. Ps. 42:1-3
2. Ps. 23:2 Ou Vert
3. Mat 6:10
4. Ps. 34:16 Ou Vert
5. Mat 6:33
6. Eseg 36:27
7. Rom 8:15
8. Rom 8:26-27
9. Mat 6:6 Ou Vert
10. Heb. 11:6

En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp,
want ons weet nie reg wat ons moet bid nie,
maar die Gees self tree vir ons in met
onuitspreeklike sugtinge.



En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree.

Rom 8:26-27